

Lêer no.: 27/12
Verwysing: 20240803-6388

Omsendbrief: 0041/2024
Vervaldatum: 31 Desember 2026

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore),
Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Datums en tydraamwerke vir aansoeke om toelating tot gewone openbare skole en die bestuur van skole se toelatingsinligting vir 2025/26.*

Onderwerp: Datums en tydraamwerke vir aansoeke om toelating tot gewone openbare skole en die bestuur van skole se toelatingsinligting vir 2025/26

1. Die vraag na leerderplasings by skole in die Wes-Kaap neem steeds jaarliks toe. Om toelatings doeltreffend te bestuur, word van skole vereis om aan die tydraamwerke wat in hierdie omsendbrief verskaf word, te voldoen.
2. Die maatreëls soos vervat in hierdie omsendbrief is van toepassing op aansoeke om toelating tot graad R, graad 1 en graad 8, asook die oorplasingsaansoeke wat in **2025/26** vir toelating tot gewone openbare skole in **2026** ontvang word.
3. Hierdie omsendbrief moet saamgelees word met Omsendbrief 0053/2021, gedateer 09 Maart 2022, Omsendbrief 0059/2021, gedateer 08 Oktober 2021, Omsendbrief 0018/2022, gedateer 30 Maart 2022 en die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) se Standaardbedryfsprosedure (SBP) vir laat aansoeke.
4. Die volgende algemene datums vir toelating stel die WKOD in staat om die voorsiening van klaskamers, personeeldiensstate, verkryging van leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal en alle ander sistemiese intervensies meer doeltreffend te beplan om te verseker dat skole elke jaar op die eerste skooldag van die jaar gereed is om te begin.
5. Slegs leerders van verpligte skoolgaande ouderdom wie se ouers/voogde/versorgers aansoek doen om 'n plek vir graad R, graad 1 of graad 8, word as nuwe aansoeke by 'n skool geklassifiseer.

6. Alle ander aansoeke (graad 2 tot 7 en graad 9 tot 12) word as oorplasingaansoeke geklassifiseer.

7. Skooltoelatingsbestuursinligtingstelsel (SAMI-stelsel)

7.1 Baie ouers/voogde/versorgers en organisasies het hul kommer uitgespreek oor skole wat ouers/voogde/versorgers verplig om addisionele drukstukke of ander aanlyn aansoekvorms te voltooi en/of versoek dat bykomende inligting ingedien word, wat onwettig of teenstrydig is met die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPI-wet), 2013 (Wet 4 van 2013). Dit sluit inligting in wat verband hou met die ouer/voog/versorger se vermoë om skoolgeld te betaal, of persoonlike en gedragsinligting van die leerder.

7.2 Hierdie omsendbrief bevestig dus dat die **administrasie** van toelatings vir 2026 op die amptelike skooltoelatingsbestuursinligtingstelsel (SAMI) van die WKOD gedoen moet word, en skole mag derhalwe NIE hul eie gedrukte aansoekvorms, aanlyn vorms of stelsels gebruik NIE. Skole mag ook nie bykomende inligting van ouers/voogde/versorgers versoek wat nie in ooreenstemming is met die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet 84 van 1996), die Toelatingsbeleid vir Gewone Openbare Skole (*Admission Policy for Ordinary Public Schools*), gepubliseer in *Staatskoerant* No. 19377, gedateer 19 Oktober 1998, of die POPI-wet nie.

7.3 Die WKOD het 'n regsmeening ingewin wat bevestig dat slegs die Hoof van Onderwys toegelaat word om toelatings via 'n aanlyn stelsel of deur die WKOD se eie gedrukte aansoekvorms te administreer.

7.4 Voorts is bevestig dat die Hoof van Onderwys kan bepaal watter inligting aangevra mag word om toelatingsaansoeke te vergesel en watter inligting nie aangevra mag word nie.

8. Tydraamwerke vir aanlyn toelatingsaansoeke – SLEGS graad R, graad 1 en graad 8

Skole moet aan die volgende toelatingstydraamwerke van die WKOD voldoen, wat **SLEGS op alle gewone openbare skole van toepassing is**:

2025/26-DATUMS (SLEGS GRAAD R, 1 en 8)	AKSIE
12 tot 14 Februarie 2025	Skole voltooi en teken geoutomatiseerde beplande inskrywings op die SAMI-stelsel af.
19 tot 21 Februarie 2025	Kringbestuurders verifieer en teken geoutomatiseerde beplande inskrywings op EduInfoSearch af.
FASE 1 – AANSOEKE VAN OUERS/VOOGDE/VERSORGERS	
11 Maart 2025	Aansoeke om toelatings vir graad R, graad 1 en graad 8 open (alle gewone openbare skole).
15 April 2025	Aansoeke om toelatings vir graad R, graad 1 en graad 8 sluit (alle gewone openbare skole).
16 April tot 19 Mei 2025	Skole verwerk graad R-, graad 1- en graad 8-aansoeke.

23 Mei 2025	Prinsipale finaliseer die status van graad R-, graad 1- en graad 8-aansoeke op die SAMI-stelsel en teken dit af.
28 Mei 2025	Kringbestuurders teken die status van alle aanlyn aansoeke om toelating vir graad R, graad 1 en graad 8 op EduInfoSearch af.
30 Mei 2025	Stelsel vertoon die uitslag van alle graad R-, graad 1- en graad 8-aansoeke.
30 Mei tot 10 Junie 2025	Ouers/voogde/versorgers word per e-pos/SMS van die uitslag van graad R-, graad 1- en graad 8-aansoeke ingelig.
30 Mei tot 17 Junie 2025	Ouers/voogde/versorgers bevestig aanvaarding van graad R-, graad 1- en graad 8-plasings.
FASE 2 – SKOOLPLASING	
17 Junie tot 31 Julie 2025	Skole vul beskikbare plekke vir graad R, graad 1 en graad 8.
17 Junie 2025 tot wanneer plasing afgehandel is	Ouers/voogde/versorgers word van plekke in kennis gestel, en moet dit binne drie dae aanvaar en bevestig.
FASE 3 – DISTRIKSPLASING	
01 Augustus 2025 tot en met afhandeling van toelatings	WKOD neem 'n besluit en plaas ongeplaaste leerders in oorleg met skole.
Vanaf die eerste skooldag vir leerders – Januarie 2026	Skole bevestig inskrywings op SOBIS.

9. Oorplasingaansoeke: graad 2 tot 7 en graad 9 tot 12

- 9.1 'n Oorplasingaansoek word omskryf as 'n versoek deur 'n ouer/voog/versorger van 'n leerder wat reeds by 'n skool ingeskryf is, en wat aansoek doen om plasing van 'n leerder in graad 2 tot 7 of graad 9 tot 12 in 'n ander skool.
- 9.2 As gevolg van 'n groot vraag na plekke vir leerders, kan skole plasing slegs oorweeg indien plekke beskikbaar is. Die WKOD sal die oorplasingaansoeke van leerders in **uitfregrade** prioritiseer, en in gevalle van hervestiging of **ernstige gevalle** oorplasingaansoeke oorweeg. (Verwys asseblief na 9.3 en 9.4 hieronder vir omskrywings van bogenoemde.)
- 9.3 Oorplasing van leerders in **uitfregrade** is van toepassing waar die leerder 'n skool bywoon waar die skool nie graad 7 of graad 12 as die hoogste graad by daardie spesifieke skool aanbied nie (dit is gewoonlik van toepassing op 'n primêre skool wat uitgebrei is om graad 8 en/of graad 9 in te sluit).
- 9.4 **Ernstige gevalle** is gevalle waar die oorplasing genoodsaak word deur oorwegings rakende die leerder se geestelike en/of fisieke welstand en/of die oorplasing deur 'n hof of die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling gelas is.

9.5 Enige ander oorplasingaansoek, waar die leerder reeds by 'n gewone openbare skool ingeskryf is, sal onderworpe wees aan beskikbaarheid van plek by die skool waar aansoek gedoen is.

9.6 **Prosedure vir aanlyn oorplasingaansoeke (graad 2 tot 7 en graad 9 tot 12)**

9.6.1 Let asseblief daarop dat ouers/voogde/versorgers 'n **aansoek om 'n oorplasing op die SAMI-stelsel moet vaslê.**

9.6.2 Ouers/voogde/versorgers wat nie toegang tot die SAMI-stelsel het nie, kan 'n **drukstuk van die WKOD-oorplasingaansoekvorm** invul en die voltooidde vorm saam met die stawende dokumente na die skool van hul keuse of hul naaste distrikskantoor stuur.

9.6.3 Skole en distrikte moet 'n ontvangserkenning aan ouers/voogde/versorgers uitreik as bewys dat 'n drukstuk van die aansoekvorm ingevul is (Bylae E).

9.6.4 Skole sal slegs aansoeke kan vaslê in gevalle waar 'n ouer/voog/versorger versoek dat die leerder spesifiek na hul skool oorgeplaas word.

9.6.5 Distrikte sal oorplasingaansoeke vir verskeie skole kan vaslê.

9.7 **Tydraamwerke vir oorplasingaansoeke (SLEGS skole en distrikte)**

Daar word van skole verwag om die volgende WKOD-tydraamwerke vir aansoeke om oorplasing, wat **SLEGS op alle gewone openbare skole van toepassing is**, na te kom:

2025/26-DATUMS (GRAAD 2 TOT 7 EN GRAAD 9 TOT 12)	AKSIE
FASE 1 – SLEGS SKOLE EN DISTRIKTE	
04 Augustus 2025	Stelsel open vir ouers/voogde/versorgers, skole en distrikte om aansoeke om oorplasing vir graad 2 tot 7 en graad 9 tot 12 op die SAMI-stelsel (alle gewone openbare skole) vas te lê.
18 Augustus 2025	Stelsel sluit vir ouers/voogde/versorgers, skole en distrikte om aansoeke om oorplasing vir graad 2 tot 7 en graad 9 tot 12 op die SAMI-stelsel (alle gewone openbare skole) vas te lê.
19 Augustus 2025 tot 05 September 2025	Skole verwerk oorplasingaansoeke.
08 September 2025	Prinsipale finaliseer en teken die status van oorplasingaansoeke op die SAMI-stelsel af.
11 September 2025	Kringbestuurders teken die status van alle aansoeke om oorplasing op EduInfoSearch af.
17 September 2025	Stelsel vertoon die uitslag van alle oorplasingaansoeke.

17 tot 19 September 2025	Ouers/voogde/versorgers word per e-pos/SMS van die uitslag ingelig.
17 tot 30 September 2025	Ouers/voogde/versorgers bevestig aanvaarding van oorplasinge.
FASE 2 – SKOOLPLASING	
30 September tot 13 Oktober 2025	Skole vul beskikbare plekke.
13 Oktober 2025 tot wanneer plasinge afgehandel is	Ouers/voogde/versorgers word van plekke in kennis gestel, en moet dit binne drie dae aanvaar en bevestig.
FASE 3 – DISTRIKSPLASING	
14 Oktober 2025 tot wanneer toelatings afgehandel is	WKOD neem 'n besluit en plaas ongeplaaste leerders in oorleg met skole.
Vanaf die eerste skooldag vir leerders – Januarie 2026	Skole bevestig inskrywings op SOBIS.

9.8 Die proses vir oorplasingaansoeke vind in drie fases plaas:

- 9.8.1 In **fase een** sal skole of distrikte die oorplasingaansoeke, volgens die tabel hierbo, vaslê en skole sal oorplasinge besluit.
- 9.8.2 In **fase twee** besluit skole en distriksamptenare oorplasinge.
- 9.8.3 In **fase drie** besluit distriksamptenare oorplasinge.

10. Dokumentasie wat vereis word

10.1 In die geval van aansoeke om toelating tot graad R, graad 1 en graad 8 en oorplasingaansoeke, moet gewaarmerkte drukstukke van die stawende dokumente by die skool of distrik ingedien word. Die dokumente moet by die skool of distrik op die aanlyn stelsel gelaai word. Die ouer/voog/versorger moet slegs drukstukke by die skool indien sodra die leerder aanvaar is en die ouer/voog/versorger hul finale keuse bevestig het op 'n datum wat deur die skool vasgestel sal word.

10.2 Lys van dokumente vir aansoeke om toelating tot graad R, graad 1 en graad 8 en oorplasingaansoeke

- (a) Die laaste amptelike skoolrapport/uitslae van die leerder, indien die leerder voorheen 'n skool bygewoon het.
- (b) Identiteitsdokument/geboortesertifikaat/paspoort van die leerder
 OF
 Geboortesertifikaat/paspoort van die leerder
 OF
 'n Afskrif van die ouer/voog/versorger se vlugteling- of asielsoekersvisum waarop die leerder se naam moet verskyn in die geval van buitelandse leerders
 OF
 'n Vlugteling- of asielsoekersvisum wat in die leerder se naam uitgereik is indien die leerder nie in Suid-Afrika gebore is nie
 OF

'n Handgeskrewe geboortesertifikaat, indien die leerder van buitelandse ouers/voogde/versorgers in Suid-Afrika gebore is.

- (c) Immuniseringskaart (*Road to Health Chart*) van die leerder (slegs op primêre skole van toepassing).
- (d) Bewys van verblyf (munisipale of diensterekening/huurooreenkoms/beëdigde verklaring wat verblyf bevestig).

- 10.3 Die prinsipaal van die skool moet die ouer/voog/versorger adviseer om die vereiste stawende dokumente binne 30 dae in te dien. Indien die ouer/voog/versorger nie die vereiste dokumente binne 30 dae kan indien nie, moet hulle die prinsipaal in kennis stel van die vertragings of probleme wat hulle ervaar.
- 10.4 In gevalle waar die ouer/voog/versorger nie oor die vereiste stawende dokumente beskik nie, word 'n ondertekende beëdigde verklaring van die ouer/voog/versorger, wat voor 'n kommissaris van ede, soos 'n polisiebeampte van die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) afgelê is, ingedien word. (Verwys na Bylae C: Voorbeeld van 'n beëdigde verklaring wat voltooi moet word).
- 10.5 In ooreenstemming met 10.2 (a)–(d) hierbo, is die aansoek **ONVOLLEDIG** totdat AL die tersaaklike stawende dokumente wat deur die WKOD vereis word, by die skool ingedien is.
- 10.6 Enige leerder wie se ouer/voog/versorger nie enige van die vereiste stawende dokumente tydens die aansoek om toelating ingedien het nie, sal nietemin toegelaat word om die skool by te woon.

11. Proses vir verwerking van aansoeke

- 11.1 Die **prinsipaal**, as die aanspreeklike beampte, moet die stand van die aansoeke op **23 Mei 2025 (graad R, graad 1 en graad 8) en 08 September 2025 (oorplasings)** op die SAMI-stelsel affteken **omdat die suksesvolle stand van 'n aansoek nie omgekeer kan word nadat die uitslag gepubliseer en ouers/voogde/versorgers in kennis gestel is nie.**
- 11.2 **Skole MAG NIE van die gegewe tydraamwerke afwyk NIE.**
- 11.3 **Skole MAG NIE ouers/voogde/versorgers van die uitslag van die stand van hul aansoek in kennis stel voordat dit op die SAMI-stelsel verskyn NIE.**
- 11.4 Aangesien ouers/voogde/versorgers die reg het om te wag totdat al die skole hulle van die uitslag van die aansoek in kennis gestel het, mag skole hulle nie versoek om voor die sperdatum hul keuse te bevestig nie.
- 11.5 Indien ouers/voogde/versorgers nie die finale aanvaarding teen die sperdatum en -tyd bevestig nie, sal die SAMI-stelsel outomaties die eerste suksesvolle aanbod van 'n skool op die lys aan die leerder toeken.

- 11.6 Indien ouers/voogde/versorgers nie teen **17 Junie 2025 (graad R, graad 1 en graad 8) en 30 September 2025 (oorplasing)** aanvaarding bevestig nie, mag skole sodanige plekke aan leerders op die waglys of aan ander ongeplaaste leerders bied.
- 11.7 Namate aansoeke verwerk word, genereer die SAMI-stelsel 'n lys van ongeplaaste leerders ("*placement in progress*") en dui aan watter skole beskikbare plekke het.
- 11.8 Dit is dus baie belangrik dat skole seker maak dat die beplande inskrywings korrek is en aansoeke teen die sperdatums verwerk word om te verseker dat amptenare akkurate inligting het wat gebruik sal word om ouers/voogde/versorgers oor die beskikbare plekke in te lig.
- 11.9 Dit is die ouers/voogde/versorgers se verantwoordelikheid om toe te sien dat die leerder van 'n plek by 'n ander skool verseker is voor die leerder uit 'n skool oorgeplaas word.
- 11.10 Skole word versoek om alles in hul vermoë te doen om ouers/voogde/versorgers te bemagtig om op die SAMI-stelsel aansoek te doen deur hulle op die volgende maniere by te staan:
- (a) Beheerliggame kan ouers/voogde/versorgers toelaat om onder toesig en in beheerde omstandighede toegang tot die rekenaarlaboratorium te kry en dit te gebruik, in gevalle waar die risiko vir die skool baie laag is.
 - (b) Betroubare en geloofwaardige ouers/voogde/versorgers, opvoeders, administratiewe personeel, assistente wat 'n internskap doen of leerders van graad 7 tot 12 wat rekenaargeletterd is, kan ouers/voogde/versorgers met die aanlyn aansoekproses bystaan.
- 11.11 Waar geen internettoegang beskikbaar is nie, kan ouers/voogde/versorgers toegang tot die internet by openbare biblioteke verkry, hul drukstuk van die aansoek direk by skole inhandig of hulp van die distrikskantoor versoek.
- 11.12 Ouers/voogde/versorgers wat direk met skole kontak maak en bystand versoek met toelatings mag nie weggewys word nie.
- 11.13 Alle navrae (telefonies, per e-pos, instapsentrums) wat met toelatings verband hou, moet op die leerder se aansoekprofiel op die SAMI-stelsel invoer word.
- 11.14 Skole moet die **WKOD se leerdertoelatingsvorm** aan ouers/voogde/versorgers gee wat namens die ouer/voog/versorger op die stelsel vasgelê moet word.
- 11.15 In die geval van 'n oorplasingaansoek waar ouers/voogde/versorgers nie toegang tot die stelsel kan verkry nie, moet skole vir hulle **WKOD se leerdertoelatingsvorm** gee wat namens daardie ouers/voogde/versorgers op die stelsel vasgelê moet word.
- 11.16 Skole en distriksamptenare moet enige kommunikasie wat van ouers/voogde/versorgers ontvang word erken en binne 10 skooldae op enige navraag reageer.

- 11.17 Alle interaksies met ouers/voogde/versorgers of hul verteenwoordigers moet op die SAMI-stelsel bygewerk word.
- 11.18 Ouers/voogde/versorgers word sterk aangeraai om by meer as een skool aansoek te doen. Dit sal verseker dat hulle ten minste 'n ander moontlike opsie het as die skool van hul keuse nie plek het nie.
- 11.19 Ouers/voogde/versorgers moet hul voorkeurvorgorde op die SAMI-stelsel aandui. Dit skakel die beperking van plekke uit wat die finalisering van toelatings op 'n jaargrondslag vertraag. Skole kan nie die leerders se voorkeure sien nie.
- 11.20 Ouers/voogde/versorgers moet die volgende webadres gebruik om hul finale keuse te maak: <https://wcedonline.westerncape.gov.za>. Toegang tot die webwerf kan verkry word deur enige toestel met internettoegang te gebruik, byvoorbeeld, 'n skootrekenaar, tablet of selfs slimfone.
- 11.21 Alle aansoeke, hetsy deur die ouer/voog/versorger gedoen of by die skool ingehandig, MOET op die SAMI-stelsel bygewerk en verwerk word.
- 11.22 Skole moet aansoeke wat tydens die vasgestelde tydraamwerk ingedien word, prioritiseer.
- 11.23 Let asseblief daarop dat in die geval van 'n toelatingsappèl, geskilpunt of 'n wettige beswaar, skole versoek kan word om die besonderhede van die aansoek te verskaf, byvoorbeeld wanneer en hoe die aansoek verwerk is. Enige besonderhede wat nodig is om 'n geskil te besleg, sal dan uit die amptelike WKOD-toelatingsinligtingsdatabasis verkry word.
- 11.24 Skole moet onthou dat ouers/voogde/versorgers te alle tye die stand van hul aansoek op die SAMI-stelsel kan nagaan. Dit is dus belangrik dat skole seker maak dat die stelsel die uitslae van die aansoeke voortdurend korrek vertoon.
- 11.25 Skole en distrikte MOET ALLE laat aansoeke wat ontvang word, bywerk en verwerk.

12. **Bevestiging van aanvaarding en indien van stawende dokumente**

- 12.1 Ouers/voogde/versorgers moet voor **00:00 op 17 Junie 2025 (graad R, graad 1 en graad 8) en 30 September 2025 (oorplasings)** die aanvaarding van hul finale keuse bevestig. Indien hulle nie die finale aanvaarding teen hierdie sperdatum en -tyd bevestig nie, sal die SAMI-stelsel outomaties die eerste suksesvolle aanbod van 'n skool op die lys aan die leerder toeken.
- 12.2 Ouers/voogde/versorgers kan die aanvaarding soos volg bevestig:
- Bevestig dit direk op die SAMI-stelsel.
 - Stuur 'n ondertekende bevestigingsbrief/antwoordstrokie direk aan die skool.
 - Kontak hul naaste distrikskantoor om te bevestig.

- 12.3 Die skool moet alle bevestigingsbriewe/antwoordstrokie wat **voor 00:00 op 17 Junie 2025 (graad R, graad 1 en graad 8) en 30 September 2025 (oorplasings)** via die SAMI-stelsel by hulle ingedien is, op die SAMI-stelsel laai.
- 12.4 Wanneer ouers/voogde/versorgers aansoek doen, moet hulle afskrifte van die nodige stawende dokumente op die SAMI-stelsel laai.
- 12.5 In gevalle waar 'n ouer/voog/versorger/leerder nie oor die vereiste stawende dokumente beskik nie, word 'n ondertekende beëdigde verklaring van die plaaslike polisiestasie van die SAPD vereis. Dit sluit die leerder se rapport uit, wat ingedien moet word.
- 12.6 Ouers/voogde/versorgers moet in kennis gestel word dat 'n voltooide toelatingsvorm wat aan 'n skool oorhandig word, nie outomaties 'n plek by die skool waarborg indien die skool geen beskikbare plekke het volgens die beplande inskrywing nie.
- 12.7 Ouers/voogde/versorgers moet **ná 17 Junie 2025 (graad R, graad 1 en graad 8) en 30 September 2025 (oorplasings)** gewaarmerkte afskrifte van stawende dokumente by die skool inhandig waar die leerder se bevestiging van aanvaarding vir 2026 ingedien of bevestig is. Dit moet binne **sewe skooldae** ná bevestiging van aanvaarding gedoen word of op 'n datum wat deur die skool bepaal word.
- 12.8 Beheerliggame behou die reg voor om aansoeke te verwerp indien ouers/voogde/versorgers vals of bedrieglike dokumente inhandig.
- 12.9 Sodra ouers/voogde/versorgers hul plasings aanvaar en bevestig het, kan skole voortgaan om beskikbare plekke aan leerders op die waglys of ongeplaaste leerders te bied.
13. **Oplossings in gevalle waar leerders nie 'n plek by 'n skool gekry het nie**
- 13.1 Leerders wat vir die volgende jaar by 'n skool aansoek doen en wat reeds in 'n skool is, is nie ongeplaas nie.
- 13.2 Gevalle waar leerders nog plek vir die volgende jaar benodig, word as **“placement in progress”** geïdentifiseer.
- 13.3 Die betrokke distriksamptenare wat verantwoordelik is vir toelatingsadministrasie, sal toegang hê tot die lys van ongeplaaste leerders, asook beskikbare plekke by skole in die distrik. Hierdie amptenare moet help om leerders te plaas deur met skole in hul onderskeie kringe en distrikte te skakel.
14. **Amptelike prosedure vir laat aansoeke**
- 14.1 Hierdie omsendbrief moet saamgelees word met die WKOD se SBP vir die hantering van LAAT aansoeke.

- 14.2 Die SBP van die WKOD sit die prosesse en prosedures uiteen wat deur 'n ouer/voog/versorger van 'n leerder, amptenare van die onderwysdepartement en prinsipale gevolg moet word om laat aansoeke om toelating tot skole in die Wes-Kaap te hanteer.
- 14.3 Ouers/voogde/versorgers wat nie by hul naaste distrikskantoor kan uitkom nie, kan by hul naaste skool om hulp aanklop.
- 14.4 Ouers/voogde/versorgers moet in kennis gestel word dat 'n voltooide toelatingsvorm wat by 'n skool ingehandig word nie outomaties 'n plek by die skool waarborg nie.
- 14.5 Die WKOD kan nie ouers/voogde/versorgers help as hulle nie die bogenoemde prosedure gevolg het nie.
15. **Amptelike prosedure vir 'n ouer/voog/versorger wie se aansoeke by alle skole onsuksesvol was**
- 15.1 **Voor 31 Julie 2025 (graad R, graad 1 en graad 8) en voor 13 Oktober 2025 (oorplasing)**
- (a) Die ouer/voog/versorger moet eers met die skool in gesprek tree om te probeer om plasing op te los.
 - (b) Ouers/voogde/versorgers word aangeraai om voor 31 Julie 2025 (graad R, graad 1 en 8) en voor 13 Oktober 2025 (oorplasing) die volgende te doen:
 - (i) Skryf aan die skool/skole en vra hulle om hul besluit te heroorweeg en motiveer/verstrek redes waarom die aansoek(e) heroorweeg moet word.
 - (ii) Bly in kontak met die skool/skole op hul lys. Hou rekord van alle kommunikasie.
 - (c) **Let asseblief daarop dat die WKOD nie kan help met of plekke by voorkeurskole kan waarborg nie.**
- 15.2 **Ná 31 Julie 2025 (graad R, graad 1 en graad 8) en ná 13 Oktober 2025 (oorplasing)**
- (a) WKOD-amptenare sal die proses begin om plekke vir leerders te vind en te verseker.
 - (b) Waar leerders steeds ongeplaas is, sal die WKOD, in oorleg met skole, gedurende die derde en vierde kwartaal ingryp om die leerders te plaas.
16. **Voorspraakprogram**
- 16.1 Die WKOD sal 'n volledige voorspraakprogram van stapel stuur om die publiek in te lig, wat verskeie media-uitlegte en -platforms insluit.
- 16.2 Dit sal gedrukte media, plakkate, pamflette en gedrukte advertensies sowel as radio en toepaslike sosialemediaplatforms insluit.
- 16.3 Aanvullende inligting- en opleidingsessies oor die aanlyn toelatingstelsel (SAMI-stelsel) sal gedurende Januarie en Februarie 2025 vir alle amptenare en skooltoelatingspersoneel gehou word. Meer besonderhede oor hierdie sessies sal volg.

17. Prinsipale sal aanspreeklik gehou word in gevalle waar skole nie voldoen aan die vereistes soos uiteengesit in hierdie omsendbrief nie en kan dissiplinêre stappe in die gesig staar indien daar bevind word dat die bepalings van hierdie omsendbrief geïgnoreer of omseil is.
18. Alle navrae oor toelatings kan aan die Hoof: Bestuur en Beheer of die betrokke kringbestuurder in elke distrik gerig word.
19. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: B WALTERS

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2024-12-13